Hoe om paasfees deel van Voortrekkerwerk te maak (Oewerkonyn)

Graad R tot 7

Bied hierdie aktiwiteit naby Paasfees aan. Tema is hase en konyne

Onderwerpe: Paasfees en Natuurbewaring

Stappe

1. **Wat vier ons met Paasfees?**

   Die opstanding van Jesus Christus. Dit is een van die belangrikste gelowige feeste in die Christelike kerkjaar.

2. **Waarom is daar paaseiers?**

   Daar word geglo dat ‘n haas ‘n simbool van vrugbaarheid is. Hase vermeerder baie vinnig. Paaseiers is dus ‘n simbool van nuwe lewe, soos wat ‘n kuiken uit ‘n eierdop uitkom. Die Paashaas kom oorspronklik van Duitsland, wat helderkleurige eiers gegee het vir soet kinders. Later was dit nie net meer eiers nie, maar ook lekkers en sjokolade. Dit is belangrik dat die ware betekenis van Paasfees gevier sal word, naamlik die vergifnis van ons sonde toe Jesus Christus vir ons aan die kruis gesterf het.

3. **Vra die volgende vrae:**

   <u>Lê hase eiers?</u>

   Nee

   <u>Watter soogdier is die mees bedreigde spesie in Suid-Afrika?</u>

   Rivierkonyn of oewerkonyn

   <u>Wat is die rede dat die spesie so bedreig is?</u>

   Vernietiging van habitat. Boere gebruik die dele langs riviere om gewasse te plant. Die oewerkonyn se voortbestaan hang gevaarlik in die weegskaal, want daar is na berekening nie meer as ‘n paar honderd van die konyne oor nie. Die spesie word as krities bedreig beskou. Die oewerkonyn se habitat is die Karoo. Dit is ironies dat hase so ‘n groot plaag op Robbeneiland en ander dele van die wêreld is, terwyl daar verskeie poging aangewend word om die oewerkonyn teen uitwissing te beskerm.

Stappe

Wat kan jy daaraan doen?

Maak ander bewus van die probleem.

Ondersteun organisasies met projekte om bedreigde spesies te probeer keer van uitwissing.

Laat jou ouers of familie ’n finansiële bydrae maak.

Wat is die verskil tussen hase en konyne?

Konyne is kleiner as hase en hulle ore is korter. Pasgebore konyntjies is blind, sonder hare en kan nie beweeg nie. Hase word met oop oë en pelsies gebore.

Watter Voortrekkerkode sluit hierby aan?

Kode 7: "’n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing."

4. Hou diere-olimpiade (vir jonger PD’s)

   Bepaal ’n begin- en wenstreep. Spanlede tree in ’n reguitlyn aan. Hulle moet dan beweeg tot oor die wenstreep. Die eerste persoon wat oor die wenstreep hardloop, spring of kruip, is die wenner. Spanlede moet soos diere beweeg. Begin deur bv. haasresies. Hulle moet dan soos hase hop. Ander diere wat gebruik kan word is ape, bobbejane, paddas, kameelperde, ’n jagluiperd, ens.

5. Koop ’n pakkie Zoo-koekies. Elke spanlid kry ’n beurt om ’n koekie te kies. Hy/sy moet dan die dier naboots wat op die koekie is. Die spanlid mag geen geluide maak nie. Die ander spanlede moet dan raai watter dier dit is.

6. Maak en versier kruise.

7. Wat is die betekenis van die volgende idioom: "Hoe meer haas, hoe minder spoed"?

   Hoe haastiger jy is, hoe minder kry jy iets uitgerig.

Wenke

1. Jy kan vir elke spanlid ’n paaseier of klein paashasie gee.
2. Jy kan ook hardgekookte eiers verf.
3. Gebruik ’n Paasfees-roetemars om die verhaal van Jesus se kruisiging op ’n interessante manier aan kinders oor te dra (Hoe om).